

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen verkantige hake dui skrappings uit
bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in be-
staande verordenings aan.

WETSONTWERP

Om die Wet op Minder Formele Dorpstigting, 1991, te wysig ten einde verder voorsiening te maak rakende die wysiging van kennisgewings wat grond as grond vir minder formele vestiging aanwys, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 113 van 1991

1. Artikel 3 van die Wet op Minder Formele Dorpstigting, 1991, word gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

“(3A)(a) Indien dit 'n voorwaarde is van 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel, dat enige deel van die aangewysde grond slegs vir sekere doeleindes gebruik mag word of vir sekere doeleindes nie gebruik mag word nie, kan die Administrateur, indien daar 'n dringende behoefte bestaan om dit te doen, die kennisgewing te eniger tyd wysig om te bepaal dat daardie gedeelte van die aangewysde grond vir ander doeleindes of vir 'n doel wat voorheen nie ingevolge die kennisgewing toegelaat is nie, na gelang van die geval, gebruik mag word.

(b) In die geval van grond in subartikel (1)(b) bedoel, mag die kennisgewing nie gewysig word soos in paragraaf (a) bedoel nie, tensy die eienaar van die grond skriftelik daartoe ingestem het.

(c) Alvorens die Administrateur 'n kennisgewing wysig soos in paragraaf (a) beoog, moet die Administrateur—

(i) kennis van die voorgestelde wysiging gee aan alle persone wat waarskynlik daardeur geraak gaan word, en

(ii) daardie persone 'n redelike geleentheid bied om verhoë te rig.

(d) 'n Persoon wat skade gely het as gevolg van die wysiging van 'n kennisgewing soos in paragraaf (a) beoog, kan, binne 'n tydperk van drie jaar na sodanige wysiging, vergoeding vir die skade van die Administrateur eis.

(e) Die Administrateur moet die eiser vir die skade vergoed met die bedrag waarop die Administrateur en die eiser ooreengekom het of, indien daar geen ooreenkoms is nie, met 'n bedrag bepaal deur arbitrasie, in welke geval die bepalinge van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965), *mutatis mutandis* van toepassing is.”.

Kort titel en inwerkingtreding

2. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wysigingswet op Minder Formele Dorpstigting, 2007.

VERKLARENDE MEMORANDUM

WES-KAAPSE WYSIGINGSWETSONTWERP OP MINDER FORMELE DORPSTIGTING, 2007

1. INLEIDING

Die Wet op Minder Formele Dorpstigting (hierna “die Wet” genoem) is in 1991 deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika gepromulgeer. Die administrasie van sommige artikels van die Wet, insluitende artikel 3(3), is aan die Provinsie opgedra kragtens Proklamasie R.159 van 31 Oktober 1994.

Die hoofdoel van die Wet was om die ontwikkeling van residensiële grond wat dringend nodig was om die behuisingsagterstand te verlig, te bespoedig.

Artikel 3(1) van die Wet bepaal dat wanneer die Administrateur oortuig is dat persone in enige gebied ’n dringende behoefte het om grond te kry om hulle op ’n minder formele wyse daarop te vestig, hy by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, en op die voorwaardes in die kennisgewing vermeld, grond kan aanwys wat ingevolge artikel 2(1) en (2) as grond vir minder formele vestiging beskikbaar gestel is.

Artikel 3(3) van die Wet bepaal dat die Administrateur te eniger tyd voor die aanvang van vestiging ingevolge artikel 8, ’n kennisgewing in subartikel (1) bedoel, kan wysig of intrek.

Kennisgewings soos in artikel 3(1) van die Wet beoog, is gepubliseer om die behuisingsbehoefes wat in die gebiede ondervind is ten tyde van die publiserings van die kennisgewings, die hoof te bied. Die behoeftes wat deur hierdie kennisgewings die hoof gebied is, het oor die jare verander en is anders as die huidige behoeftes van daardie gebiede.

Aangesien dit nie moontlik is om sodanige kennisgewings te wysig of in te trek soos in artikel 3(3) van die Wet beoog waar vestiging op die grond reeds plaasgevind het nie, word dit nodig geag om artikel 3 te wysig deur die invoeging van ’n subartikel na subartikel (3) om dit moontlik te maak om sulke kennisgewings, of bepalings van sulke kennisgewings, na vestiging te wysig of in te trek ten einde in die huidige behuisingsbehoefes van daardie gebiede te voorsien.

2. INDIVIDUELE KLOUSULES

Klousule 1:

Die Wet word gewysig om die Administrateur te magtig om kennisgewings wat ingevolge artikel 3(1) uitgereik is na vestiging ingevolge artikel 8, in te trek of te wysig, en om voorsiening te maak vir vergoeding vir mense wie se regte of belange deur sodanige wysiging geraak word.

Klousule 2:

Kort titel.

